| | |
|---|---|
| Prince Albert MUNICIPALITY | **PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>**PRIVATE BAG X53**<br>**PRINCE ALBERT, 6930** |

**KENNISGEWING 10/2024**

| |
|---|
| **DIREKTORAAT FINANSIëLE DIENSTE** |
| **AFDELING: UITGAWES** |
| **VAKATURE: FINANSIëLE INTERN**<br>**WC052-1.2.2.4 – 5** |

**EKSTERNE VAKATURE**

*Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:*

**Finansiële Intern:**
**Munisipale Finansiële Bestuur Internskap Program (MFBIP)**
**(2 poste) - (Twee jaar kontrak)**

**Internskap oorsig:** Die MFBIP is 'n gestruktureerde professionele opleiding en werksondervinding program, met die doel om hoë kwaliteit opleiding en praktiese blootstelling in sleutelgebiede van die Finansiële Departement te verskaf en te verseker dat die nodige vaardighede aangeleer word.

**Vereistes:** * Kandidate moet minstens beskik oor 'n drie jaar Baccalareus-graad of Nasionale Diploma met hoofvakke wat insluit Rekeningkunde, Ekonomie, Finansies, Risikobestuur en/of Ouditkunde * Kandidate moet tussen 21 en 35 jaar oud wees * Rekenaargeletterdheid (MS Office-toepassings) * Goeie kommunikasievaardighede * Geletterd in twee (2) van die amptelike tale van die Wes-Kaap * Rekeningkundige en syfervaardighede * Verslagdoening.

Die bekleër moet 'n dienskontrak sowel as 'n internskap-ooreenkoms onderteken. Die doel van die ooreenkoms is om 'n verbintenis tot die program te verseker insluitend volle deelname aan opvoedkundige-, sowel as werkplek opdragte en die nakoming van beleide en prosedures.

**Sleutelprestasie-areas:** * Hulp bied by die implementering van aanvaarde munisipale rekeningkundepraktyk en begrotingshervormings * Opleiding in die sleutelgebiede van Interne Oudit, GRAP, Voorsieningskettingbestuur, Begrotingsbestuur en Inkomste- en Uitgawebestuur * Hoë vlak van verantwoordelikheid en vermoë om aandag aan detail te gee.

**Vergoeding** : **R 108 000, 00 per jaar**

Rig 'n volledige curriculum vitae, vergesel van 'n dekbrief en gewaarmerkte afskrifte van toepaslike kwalifikasies, aan mnr Abridon Sass, Menslike Hulpbronne Afdeling, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel 023-5411 036.

Applikante word aangemoedig om aansoeke elektronies in te dien by jobapplications@pamun.gov.za

**Sluitingsdatum** : **Vrydag 9 Februarie 2024 om 15:00**

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensnemingswerkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer. Geen laat aansoeke word aanvaar.

**Indien u nie binne 90 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

| | | |
|---|---|---|
| **PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>**PRIVAATSAK X53**<br>**PRINCE ALBERT**<br>**6930**<br>**EPOS:** jobapplications@pamun.gov.za<br>**Tel. (023) 541 1036**<br>**Faks. (023) 541 1321** | Prince Albert MUNICIPALITY | **ALDRICK HENDRICKS**<br>**MUNISIPALE BESTUURDER**<br>**17 JANUARIE 2024** |